# SENIOR CERTIFICATE EXAMINATION
## *SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN*

**FEBRUARY / MARCH**
***FEBRUARIE / MAART***

**2005**

## AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL

**(Eerste Vraestel: Leesbegrip, Opsomming, Kommunikatiewe Taalgebruik in Konteks en Taalversorging)**

SG 101-2/1

AFRIKAANS EERSTE/PRIMERE TAAL SG: Vraestel 1

15 bladsye

101 2 1 SG

X05

COPYRIGHT RESERVED / *KOPIEREG VOORBEHOU*
APPROVED BY UMALUSI / *GOEDGEKEUR DEUR UMALUSI*

**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL SG**
**(Eerste Vraestel: Leesbegrip, Opsomming, Kommunikatiewe Taalgebruik in Konteks en Taalversorging)**

**TYD: 2 uur**

**PUNTE: 75**

---

**INSTRUKSIES:**

- Beantwoord AL die vrae.
- Nommer al jou antwoorde in die middel van die bladsy en presies soos op die vraestel.
- Werk NETJIES.
- BESIN en BEPLAN vooraf deeglik en benut die volle tydsduur van die vraestel.

---

## AFDELING A
## LEESBEGRIP

### VRAAG 1

- Jy het die afgelope jare kennis gemaak met verskillende tipes nie-literêre tekste.
- Bestudeer die volgende leestekste in hierdie afdeling noukeurig en beantwoord die vrae wat daaroor handel.
- Nommer die vrae vir die afdeling in die middel van die bladsy en laat reëls oop tussen jou antwoorde.

# Hier kom hy – wêreld se eerste kloon!

## Dokter wil self lewe skep



1. Die wêreld wag vir die eerste gekloonde baba – en dis dalk nog 'n Moeammar Ghaddafi.
2. Die omstrede Italiaanse ginekoloog dr. Severino Antinori, wat die wêreld met sy aankondiging geskok het dat die eerste drie gekloonde babas op pad is, het verklap een van hulle is die kloon van "'n baie belangrike Arabier."
3. Daarby het Ghaddafi glo aangebied om Antinori se kloningseksperimente te finansier en 'n hospitaalvleuel in Tripoli tot sy beskikking te stel. Die blyk uit 'n telefoon-oproep wat die Israeliese geheime diens afgeluister het.
4. Nou hou die wêreld asem op vir die geboorte van 'n baba soos die mensdom nog nooit tevore gesien het nie. Die eerste gekloonde baba, word gesê, sal omtrent die moderne ekwivalent van die Bybelse maagdelike geboorte wees. So 'n kind sal immers nie die produk van 'n vroulike eiersel wees wat deur 'n manlike spermsel bevrug is nie.
5. Maar selfs al verwag een van dr. Antinori se drie swanger pasiënte 'n klein Ghaddafi, sal sien nie sommer glo wees nie. Dié medikus sal sy aanspraak dat hy die wêreld se eerste baba gekloon het, eers met DNS-toetse moet bewys.
6. "Dit is maklik om 'n swangerskap te hê en 'n baba te verlos, maar moeilik om te bewys dit is gekloon," sê dr. Panos Zavos, tot onlangs toe nog dr. Antinori se vennoot. Sev dink blykbaar dis soos om 'n Italiaanse pizza te maak en dit vinnig voor te sit. Maar dit is wetenskap dié ..."
7. DR. ANTINORI het al 'n dekade gelede die wêreld laat regop sit met sy ouma-ma's toe hy vroue lank ná hul menopouse gehelp het om swanger te word. Tog het sy kollegas hul bedenkinge of dit in sy broek sit om regtig die wêreld se eerste baba te kloon.
8. "Hy het nie die verskil tussen 'n embrio en 'n spermsel geken nie," vertel dr. Simon Fishel van die jong Antinori wat by hom die kuns van proefbuis-bevrugting kom leer het. Dr. Fishel was deel van die Britse span wat in 1978 geskiedenis gemaak het met die geboorte van Louise Brown, die wêreld se eerste proefbuisbaba.
9. Dr. Antinori is ook al betrap dat hy die waarheid verdraai toe hy 'n dekade gelede pionierswerk op die gebied van kunsmatige bevrugting as sy eie aangebied het. Eintlik was dit die werk van dr. Brian Dale, 'n Brit met 'n kliniek in Napels.
10. In die kloningseksperimente met diere is egter gevind die meeste embrio's sterf reeds voor geboorte of kort daarna. In die enkele gevalle waar 'n gekloonde dier lewend gebore is, het dit meestal ernstige aangebore afwykings gehad. Lewerprobleme en vergrote harte was algemene probleme, en gevalle van misvormde koppe en te min voor- of agterpote is aangeteken.
11. Dolly die skaap is wel normaal gebore, maar sukkel nou met artritis. Dit laat die vraag ontstaan of die kloon van 'n middeljarige mens nie voortydig sal verouder nie.
12. "Uit al die inligting wat ons het, kan ons sê gekloonde menslike babas – as hulle gebore sou word – sal nie normaal wees nie", sê dr. Roupert Jaenisch, 'n Amerikaanse kenner. "Ek dink dit is heeltemal onverantwoordelik om so iets te doen."
13. Dr. Antinori noem homself graag in dieselfde asem as sulke groot geeste soos Galileo en Alexander Flemming, maar sy kollegas slaan hom glad nie so hoog aan nie.
14. Dr. Jaenisch sê reguit Antinori weet nie waarvan hy praat nie. Sy voormalige leermeester en latere vennoot dr. Fishel vertel hoe Antinori eenmaal in 'n woede-uitbarsting 'n bakkie met bevrore embrio's met 'n hamer stukkend geslaan het.

(Uit: ***Huisgenoot***, 12 Desember 2002)

1.1 Verduidelik in jou eie woorde wat jy onder 'n **gekloonde baba** (par.1) verstaan. (1)

1.2 Verklaar die volgende frase in jou eie woorde: **...die hele wêreld hou hul asem op...** (par.4). (1)

1.3 Die geboorte van 'n kloon sal dadelik aanvaar word (par.5).

1.3.1 Is die stelling waar of onwaar? (1)
1.3.2 Haal 'n sinsdeel aan ter stawing van jou antwoord. (1)

1.4 Om watter rede is Simon Fishel skepties dat dr. Antinori wel 'n baba kan kloon (par. 7 – 8)? (1)

1.5 Noem TWEE probleme wat met die kloning van diere ondervind is. (2)

1.6 Waarom bestaan daar kommer oor die normaliteit van 'n gekloonde baba? (1)

1.7 Dr. Antinori se werk word nie as geloofwaardig beskou nie (par. 13). Noem TWEE sake wat die stelling bevestig. (2)

1.8 Kies die woord wat die inhoud van hierdie teks die beste sal beskryf:

1.8.1 Informatief
1.8.2 Verhalend
1.8.3 Beskrywend
1.8.4 Humoristies
1.8.5 Sarkasties (1)

**[11]**

# Wen groot met Handigas

**Jy kan dit oral met jou saamneem, of jy gaan stap, kampeer of visvang. En dis ideaal vir braai by die huis – dis nou voorwaar 'n nuttige gas**

1. DIE meeste Suid-Afrikaners sal saamstem dat geen somervakansie volmaak is voordat jy buite kos gemaak het nie, of jy nou hoog in die berge sit of piekniek hou in jou tuin. En ons weet hoe om dit in styl te doen – met gas, natuurlik.

2. Wanneer dit kom by gas, is Handigas 'n naam wat Suid-Afrikaners vertrou. Dit is die handelsmerk waaronder Afrox al die afgelope vyftig jaar hul Vloeibare Petroleumgas (VPG) bemark. Dié gas, wat in groot nywerheidsprosesse gebruik word, is dieselfde as dit wat jy in jou huis gebruik.

3. Handigas is 'n uiters betroubare energiebron en omdat dit deesdae op allerlei maniere gebruik kan word, kan dit 'n veelsydige en positiewe bydrae tot jou leefstyl maak.

4. Wat Handigas so nuttig maak, is dat jy dit oral met jou kan saamneem. Of jy nou gaan stap, kampeer, visvang, op 'n 4x4-uitstappie gaan of by die huis kook, gas is 'n veilige en uiters gerieflike manier van kook – binne of buite.

5. En met die wye verskeidenheid skroefstukke, insluitend die Cadac-skroefstukke wat almal op Handigas-bottels pas, het jy 'n hele reeks maklike en vinnige kookopsies. Jy kan jou dag begin met 'n lekker ontbyt op die skottel. Vir middagete kan jy die braaier vasskroef vir 'n lekker tjoppie en stukkie wors. En vir aandete kan jy die spesiale potjiekos-skroefstuk gebruik vir 'n heerlike en gesonde ete.

6. Wanneer dit kom by kos maak, is Afrox Handigas die sjef se keuse. Kyk maar na enige kookprogram en jy sal sien die sjef gebruik gas. Wat dit so gewild maak, is dat dit so maklik en vinnig is – jy hoef nie te wag vir die plaat om warm te word nie, want jy het onmiddellike hitte, en jy kan dit ook vinnig en baie fyn verstel.


7. Maar Handigas is nie net bedoel vir kook nie. Dit is ook ideaal vir lig maak by jou Nuwejaarspartytjie langs die swembad of wanneer jy kampeer.

8. Vir dié van ons wat graag tyd in die natuur deurbring, maar darem ook 'n bietjie gemak wil hê, is Handigas die volmaakte oplossing. Jy kan vir jou 'n buitemuurse stort oprig met soveel warm water as wat jy wil hê. Jy kan ook water warm maak vir klere en skottelgoed was, en saans kan jy lig maak sodat daardie tenttoue jou nie pootjie nie.

9. Aangesien Handigas omgewingsvriendelik is, kan jy gerus wees dat jy help om 'n skoon omgewing in stand te hou.

10. Afrox Handigas is nie net gerieflik nie, dit het ook 'n lang en goed gevestigde veiligheidsrekord. Die gassilinders en toerusting word volgens internasionaal erkende standaarde en spesifikasies gemaak.

11. Handigas is gerieflik by meer as 2 000 afsetpunte landwyd beskikbaar. Wees op die uitkyk vir die Handigas-teken en maak jou silinders met 'n geruste hart vol voor jy met vakansie gaan. □





(Uit: ***Huisgenoot***, 12 Desember 2002)

1.9 Wat beteken die woord **veelsydige** (par.3)? (1)

1.10 Wat sou jy as Handigas se grootste bates beskou? Noem TWEE. (2)

1.11 Handigas het ook ander gebruike as net om vir kookdoeleindes gebruik te word.

1.11.1 Is die stelling waar of onwaar? (1)
1.11.2 Motiveer jou antwoord in Vraag 1.11.1. (1)

1.12 Verklaar die frase **Gas – die slim opsie** in jou eie woorde. (1)

1.13 Wie is die vervaardiger van Handigas? (1)
**[7]**

**EN**




(Uit: ***Beeld***, 19 Februarie 2003)

1.14 Waarom dink jy is die sekuriteitsbeampte gekant teen die drink van Coke? (1)

1.15 Wat noem ons 'n persoon wat 'n krieket-/sportwedstryd bywoon? (1)

1.16 Die figuur in die regterkantste hoek sê: **laat dit vir hom 'n vingerwysing wees**. Wat dink jy word met die woorde bedoel? (1)

1.17 Watter bewys is daar dat die persoon, met die sigaret in die hand, onder die invloed van alkohol is? (1)

1.18 1.18.1 Watter emosie dink jy ervaar die sekuriteitsbeampte? (1)
1.18.2 Watter visuele bewys kan jy as motivering vir jou antwoord in Vraag 1.18.1 gee? (1)

1.19 Waarvoor staan die afkorting **WB** in **WB-krieket** (op die koerant in die spotprent)? (1)
**[7]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [25]**

## AFDELING B
## OPSOMMING/SAMEVATTING/PRÉCIS

### VRAAG 2

Lees die onderstaande koerantrubriek deur en beantwoord dan die vrae wat daaroor gestel is.

**LET WEL:**
- Alle opdragte moet in volsinne uitgevoer word.
- Punte sal afgetrek word vir lengte-oorskryding.
- Meld na elke vraag die aantal woorde wat jy gebruik het.
- Begin elke sin op 'n nuwe reël.

# ernstige stories

## die tieners dink so

**Ally** 'Ons het genoeg seksopvoeding, glo my, en as iemand dom genoeg is om onbeskermde seks te hê, is dit nie oor hulle nie van beter weet nie. Daar is dwelms op partytjies, maar dis niks ernstigs nie – gewoonlik net dagga. En tieners drink, natuurlik.'

**Megan** 'Seksopvoeding op skool kan aaklig wees, want mense is nogal skaam as dit 'n groot groep is. Hulle wil nie altyd vrae vra nie. Ek weet van dwelms en alkohol op partytjies, en jy hoor van kinders wat van baie jonk af seks het.'

**Louise** 'Ons het so 'n ruk gelede seksopvoeding in 'n kleiner groep gehad, en dit was beter, want alles is nie weer deur die hele skool versprei nie. Maar ek voel daar word heeltemal te veel gepraat oor al dié onderwerpe. Dit lyk of daar elke dag nog 'n praatjie oor dwelms of seks of alkohol is. En baie meisies wat so oud is soos ek stap net by 'n kroeg in en drink 'n drankie. Dit word nie juis baie goed beheer nie.'

**Oz** 'Om alkohol in die hande te kry is seker die maklikste. Jy kan dit nie wettig in 'n winkel koop nie, maar jy kry vals ID's, en baie kuierplekke kyk nie eens daarna nie. Ek moes 'n ruk gelede twee 12-jariges by 'n klub uitsleep.'

## so hanteer die ouers dit

**Debbie** 'Dis elke ouer se vrees dat hul kind verslaaf gaan raak aan dwelms of alkohol. Ons is oop met ons kinders. Ek is baie oningelig grootgemaak, en dit was glad nie goed nie. Dis hoekom ons oor alles praat sonder om ons standpunte op hulle af te dwing. Ons kinders weet hoe ons voel en het ons al vertel van goed wat hulle gedoen het en agterna oor spyt was. Ons is baie bly dat hulle dit doen.'

**Viki** 'Dwelms is seker my grootste vrees. Ek bring artikels van die werk af sodat my seun dit kan lees. Ek het ook al die soorte dwelms met hom bespreek. Hy weet as ek hom betrap dat hy gebruik, stuur ek hom na een of ander aaklige plek waar hulle hom kan regruk! Hy kan af en toe saam met ons 'n glas wyn by die huis geniet, of hy drink 'n bier saam met sy pa, so dis nie iets opwindends of verbode nie.'

**Anne** 'Elke keer as hulle uitgaan, is jy bang vir die alkohol en dwelms – dis oral. Ons het van kleins af met ons kinders hieroor probeer praat en hulle oor die gevare gewaarsku. Ons het ook probeer om so ver moontlik openlik met hulle te wees. Dis net iets waardeur jy moet gaan.

## wat sê die kenners?

Teen die tyd dat jou kinders tieners is, gaan hulle of goed beproef, of nie. Die grondslag hiervoor word vroeg in die kinderjare gelê, sê dr. Collins. 'As hulle in die moeilikheid beland, kry hulp of behandeling. Dit hoef nie noodwendig 'n instelling of professionele persoon te wees nie – daar's baie ondersteuningsgroepe vir elke denkbare probleem,' sê sy. 'As jy nie verbetering sien nie, moet jy individuele behandeling by 'n gespesialiseerde terapeut kry.'

(Uit: ***dit***, April 2003

2.1 Watter mening huldig die tieners omtrent seksopvoeding?

- Vat Ally, Megan en Louise se menings omtrent die saak saam in TWEE volsinne van **nie meer as 25 woorde** nie.
- Skryf die getal woorde wat jy gebruik tussen hakies aan die einde neer. (6)

2.2 Die ouers het verskeie standpunte, maar kom ooreen omtrent een saak. Wat is dit?

- Skryf jou antwoord in EEN volsin van **nie meer as 5 woorde** nie.
- Skryf die getal woorde wat jy gebruik tussen hakies aan die einde neer. (2)

2.3 Die kenners verskaf raad aan die ouers.

- Vat hulle raad saam in EEN volsin van **nie meer as 10 woorde** nie.
- Skryf die getal woorde wat jy gebruik tussen hakies aan die einde neer. (2)

**TOTAAL VIR AFDELING B: [10]**

## AFDELING C

### KOMMUNIKATIEWE TAALGEBRUIK IN KONTEKS

### VRAAG 3

Bestudeer die onderstaande spotprent en beantwoord die vrae wat na aanleiding daarvan gevra word.




(Uit: ***Beeld***, 11 Maart 2003)

b.o.

3.1 Gee 'n Afrikaanse woord vir "**comrade**". (1)

3.2 Waarvoor staan die afkorting **VIGS**? (1)

3.3 Lees weer die woorde van die figuur in die regterkantste onderhoek van die spotprent.

Hoe sal jy die muis se woorde interpreteer? Kies slegs EEN:
3.3.1 Humoristies
3.3.2 Sarkasties
3.3.3 Simpatiek (1)

3.4 Indien daar nie 'n **tekort** aan polisie is nie, sê ons daar is 'n ____________ aan polisiemanne. Gee 'n woord wat die teenoorgestelde betekenis van die vetgedrukte woord aandui. (1)

3.5 Kyk na die woorde op die das van die man. Skryf die woorde neer en vervang die simbool met 'n woord. Voorsien jou sin ook van die korrekte leesteken. (2)

3.6 Wat is die betekenis van **on-** in die woord **ongebruikte**? (1)

3.7 'n Persoon wat afkomstig van **Amerika** is noem ons 'n 3.7.1 ______________. (1)
Wapens afkomstig van **Amerika** noem ons 3.7.2 ____________ wapens. (1)

3.8 Op die koerant staan die woorde **sesde sintuig**. Hoe sal 'n klein sintuig genoem word? (1)

3.9 Vervang die woord **daai** met 'n meer formele/saaklike woord. (1)

3.10 Herskryf die spreker se woorde: **Ek dink ons moet al daai vigsmedisynegeld gebruik**, maar begin jou antwoord met: **Die spreker sê dat** __________ . (2)
**[13]**

## SON SE STRALE LAAT NUWE PLASTIEKSAK GOU VERKRUMMEL

Eagan Williamson

Inkopiesakke wat verkrummel as die son se UV-strale dit beetkry.

Dit is van die nuwe tegnologie waarmee wetenskaplikes aan die Universiteit van Pretoria hulle die afgelope vier jaar besig hou.

Dié foto-degradeerderbare plastieksakke is ’n samestelling van verskillende materiale wat dié plastieksakke binne drie weke laat ontbind tot krummels.

Prof. Walter Focke, direkteur van die instituut vir toegepaste materiale aan die universiteit, en sy span werk al vier jaar aan die projek

Die sakke het die week baie aandag in die parlement gekry. Mnr. Felix de Kleijn van die maatskappy Evergreen wou toestemming hê dat die streng regulasies oor plastieksakke wat 9 Mei in werking tree, met drie maande uitgestel word.

Hy wil die sakke laat toets om te kyk of dit nie die oplossing vir die rommelprobleem is nie.

Focke het gesê die plastieksakke is aansienlik dunner as die gewone inkopiesakke. Wanneer die sakke deur sonstrale opgebreek word, is daar kleiner samestellings soos water en koolstofdioksied wat dit vinniger laat vergaan as ’n gewone sak.

“Die eintlike probleem is dat te veel rommel op die vlaktes beland en dit duur jare voordat dit vergaan. Die sakke is nie noodwendig die oplossing vir die rommelprobleem nie, maar kan help om rommel te verminder.”

Plastieksakke wat nou in winkels beskikbaar is, word sowat 17 mikron dik gemaak. Die natuurvriendeliker sakke is sowat 9 mikron dik.

Volgens Focke was dit nie maklik om die samestelling reg te kry nie. Hulle moes telkens materiale byvoeg of wegneem om die “oplosbare” sakke te maak.

“Selfs die ink op die sakke sal nie as sonskerm dien nie, want die drukstyl laat die sonstrale deurgaan,” het hy gesê.

(Uit: ***Beeld***, 28 Maart 2003)

3.11 Waarvoor staan die afkorting **prof.** (r.11)? (1)

3.12 Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies.
Daar word (**tegnologie**, r.3) vordering op die gebied van plastieksakke se vervaardiging gemaak. (1)

3.13 Gebruik die woord **duur** (r.31) in ’n sin sodat dit ’n ander betekenis as in die teks het. (1)

3.14 Die woord **sakke** (r.1) se betekenis verander indien die een –k– uit die woord weggelaat word. Maak ’n sin met die woord **sake** sodat die betekenis daarvan duidelik blyk. (1)

3.15 **Hulle moes telkens materiale byvoeg of wegneem om “oplosbare” sakke te maak**. (r.41-43). Herskryf die sin, maar begin met: **Materiale** ______________. (1)

3.16 Prof. Walter Focke is van die manlike geslag, daarom die gebruik van die woord **direkteur** (r.11). Watter woord sou jy in die plek van direkteur gebruik indien die prof. ’n vrou was? (1)

3.17 Haal ’n woord uit r. 24 – 27 aan wat min of meer dieselfde betekenis as **baie** het. (1)

3.18 Sommige sakke is (**kan nie oplos nie**). Gee EEN woord vir die woorde tussen hakies. (1)
**[8]**

# SPAN DIE NET OM VUILGOED

Frans Rautenbach

**Die negatiewe aansporing om rommelstrooiery hok te slaan is omslagtig en duur. Frans Rautenbach kyk hoe veral ongeskoolde werkers aangemoedig kan word om ons omgewing mooier te maak.**

Suid-Afrika is besig om links en regs sy vuilgoed uit te gooi. Nie net word korruptes in die staatsdiens aangetree nie, maar wedstryd-knoeiers, doodsdokters, diewe van trustgeld en bedrieër-amptenare met vals rybewyse, vals grade en ander vals dokumente word aan die kaak gestel.

Maar Suid-Afrika moet skoonmaak op 'n meer basiese vlak as dit. Ons moet ook letterlik ons vuilgoed wegwerk – die berge vullis in ons townships, die falankse vlaggies van plastiek teen doringdrade rondom sportstadions en plakkerskampe, die moedelose tolbosse van koerantpapiere in ons hoofstrate, en winkelsakkies, geroeste karre en vrot meubels in ons waterstrome.

Valli Moosa, Minister van Omgewingsake en Toerisme, het 'n plan om plastiek op te ruim deur die Werk-vir-Water-projek. Net soos die minister, wil ons almal 'n skoon land hê. As 'n land wat sy natuurskoon as sy mees bemarkbare bate aan die internasionale toeristemark aanbied, is Suid-Afrika seker een van die vuilste lande ter wêreld.

Die opruim van vullis is een van die gebiede waar ongeskoolde arbeid kan help.

Maar Suid-Afrika het ook reuse-munisipaliteite met verpolitiseerde vakbond-georganiseerde arbeidsverhoudinge. Die munisipaliteite is gedurig onder arbeids- en politieke druk. Hulle is blootgestel aan wettige stakings. Hulle moet jaarliks oor lone onderhandel en die minimum loon vir ongeskoolde werkers betaal. Dan moet die stadsrade ook nog ander uitgawes aangaan, soos opleidingsbydraes, werkloosheidversekering, pensioenbydraes, mediese koste...

Die koste van 'n arbeider se dienste in die munisipale bedryf is gevolglik, soos in baie formele sektore in Suid-Afrika, hoog.

Die antwoord is om lede van die publiek – ongeskoolde werkers – te nooi om as onafhanklike kontrakteurs vullis op te ruim. Hulle word betaal per kilogram, of per ton vullis wat hulle lewer. Die tegnologie bestaan reeds om vullis te sorteer en te verwerk – glas by glas, papier bymekaar en dieselfde met metaal. Wat oorbly, kan saam verwerk word.

(Aangepas uit: **Insig**, Augustus 2002)

3.19 Gee die korrekte afkorting vir **Suid-Afrika** (r.1). (1)

3.20 Watter frase in r.5 – 10 beteken dieselfde as die swakheid/uitwys of ontmasker? (1)

3.21 Ons moet letterlik ons vuilgoed wegwerk (r.14), met ander woorde ons moet dit met wortel en __________ uitroei. Voltooi die sin deur die korrekte woord in te vul. (1)

3.22 Gee 'n woord met min of meer die teenoorgestelde betekenis as **minimum** (r.45). (1)

3.23 Skryf die volgende frase oor en vervang die koppelteken met die ontbrekende woord ... **arbeids-** en **politieke druk** (r.42). (1)

3.24 Skryf die sin **Die opruim van vullis is een van die gebiede waar ongeskoolde arbeid kan help** (r.34-36) oor, maar begin jou antwoord met: **Ongeskoolde arbeid kan nie _____________.** (1)

3.25 **Silwerskoon** (r.28) dui die intensiteit van skoon aan. Dui die intensiteit van **duur** (lokparagraaf) aan. (1)

3.26 Hulle word betaal per **kilogram of per ton vullis wat hulle lewer** (r.60 – r.62). Ons kan dus sê, hoe meer kilogramme of (ton) vullis hulle lewer, hoe meer word hulle betaal. Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies. (1)

3.27 Die koste van 'n arbeider in formele sektore is (**hoog**, r.55) as ander sektore. Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies. (1)

**TOTAAL VIR AFDELING C: [30]**

## AFDELING D
### TAALVERSORGING

### VRAAG 4

- In hierdie afdeling moet jy taalfoute korrigeer.
- Lees die onderstaande teks om die vrae te beantwoord.

# Hier kan jou stêre lelik brand

Verbeel jou jy sit op 'n skate- board en jaag teen 'n steil heuwel af. Doer onder is 'n draai, en jou plank het nie remme.

En val jy nou om, gaan jy tarburn op meer as net jou boude he…

Dit is hoe *street luge,* ook bekend as " buttboarding', begin het. 'n Klomp skaatsplankryers het al sitende op hul planke teen 'n steil helling afgejaag, sonder om te worry oor hoe hulle nou eintlik gaan stop.

Die eerste amptelike resies het in 1980 by Signal Hill op die Glendora-bergpad in Suid-Kalifornië plaasgevind. Benewens al die verkeerskaartjies wat deur die California Highway Patrol uitgeskryf is het verskeie deelnemers en toeskouers sleg seergekry .Dit is geen wonder dat 'n hele paar stede toe skaatsplankryers verbied het om enige heuwel van 'n helling van meer as 3 % aan te durf nie.

Dit het die street luge ouens egter nie ondergekry nie: onder lyding van Roger Hickey het die Underground Racers Association sowat tien toemooie 'n jaar gehou, totdat hulle met die American Gravity Racing Association (AGRO) saamgesmelt het. Dit was die begin van die organisering van street luge, 'n term geskep vir die eerste X Games.

Vandag is street luge baie anders as die eerste onveilige probeerslae: die borde word van 'n spesiale aluminium-mengsel gebou, en is soms spesiaal aangepas by die drywer se liggaamsvorm. Deelnemers trek ook spesiale aërodinamiese klere en valhelms aan. Deelnemers kan aan drie verskillende kompetisies deelneem: dual (twee ouens jaag resies), mass (vier ouens) en super mass (ses of meer).

(Verwerk uit: ***Jip***, Bylaag tot ***Beeld***, 7 April 2003 )

4.1 Gee korrekte Afrikaanse woorde vir:

4.1.1 skateboard (r.1) (1)
4.1.2 worry (r.13) (1)

4.2 Verbeter die skryftekenfoute in:

4.2.1 r1 – r7 (1)
4.2.2 r.36 – r.41 (1)

4.3 'n Fout ten opsigte van ONTKENNING is in r.3 – r.5 begaan. Skryf die sin korrek oor. (1)

4.4 'n Verkeerde woordkeuse is in r.26 gebruik. Skryf slegs die korrekte woord (voorsetsel) neer. (1)

4.5 Vervang die woord **stêre** in die titel met 'n **aanvaarbare** Afrikaanse woord. (Geen kras taal sal aanvaar word nie.) (1)

4.6 'n KOMMA is uitgelaat tussen r.20 – r.23. Skryf die TWEE woorde voor en na die komma neer. (1)

4.7 Benewens die bostaande foute is daar ook TWEE ander spelfoute. Skryf die woorde korrek oor.

4.7.1 r.11 – r.13. (1)
4.7.2 r.30 – r.33. (1)

**TOTAAL VIR AFDELING D: [10]**

**TOTAAL: 75**

**EINDE**